

08 Jemen



“God het ’n weg vir my gebaan om met ’n gelowige uit die plaaslike geloofsgemeenskap te trou... Ek sien my huwelik as ’n simbool van God se genade.” – Nadeen*, ’n Jemeense gelowige uit ’n Moslem-agtergrond

Streek Arabiese Skiereiland

Christen bevolking Minder as 1%

Meerderheidsgeloof Islam

Bronne van vervolging Islamitiese onderdrukking

Geweld  **16%**

Druk  **99%**

Punte  **85%**

Oor Jemen

Die voortslepende burgeroorlog in Jemen het een van die ergste humanitêre krisisse in onlangse tye ontwikkel – dit maak 'n alreeds moeilike situasie vir Christene selfs nog moeiliker. Hulle moet hul geloof geheim hou, want dit is 'n groot skande wanneer 'n familielid Islam verlaat in hierdie sterk Islamitiese nasie. Só 'n bekeerling loop die risiko vir fisieke geweld of om vermoor te word indien sy geloof ontdek word.



Die onbestendigheid in Jemen het 'n krisis van vlugteling, kos en gesondheidsorg geskep. Vra God om te help met die voorsiening en vir veiligheid van mense in Jemen.

Ons Werk

Geopende Deure ondersteun gelowiges in die Arabiese Skiereiland deur voorbidding, om hulle te help om sterk te staan wanneer hulle vervolging vir hul geloof in Jesus ervaar.

www.opendoors.org.za/afr/wwl



Geopende Deure